Wys my die weg, Here

# In Josef van Arimatea se skoene

## Bybelteks

*Hierna het Josef van Arimatea, wat uit vrees vir die Jode in die geheim 'n dissipel van Jesus was, Pilatus gaan vra of hy die liggaam van Jesus mag wegneem. Pilatus het dit toegestaan. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem. Nikodemus ... het ook gekom en 'n mengsel van ... mirre en adelhout gebring. Hulle het toe Jesus se liggaam geneem en dit saam met geurige speserye in linnedoeke toegedraai ... By die plek waar Hy gekruisig is, was daar 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waarin niemand nog ooit neergelê is nie. Daar het hulle Jesus toe neergelê ... aangesien die graf daar naby was.*

**– Johannes 19:38-42**

## Kernwaarheid

**Josef van Arimatea volg Jesus se voorbeeld van vrygewigheid.**

### WELKOM

- Het jy dalk iets wat jy nie graag wil deel nie?

- Dink aan 'n keer wat iemand groot vrygewigheid aan jou bewys het. Wat het gebeur?

- Hoe het jy al vrygewigheid aan iemand anders bewys?

## WONDER

- Watter eienskappe sien jy in Josef van Arimatea raak?
- Watter van die eienskappe dink jy het hy by Jesus geleer?
- Watter van die eienskappe het jy reeds?

## WEES

Dink aan die video wat julle gekyk het.

- Hoe sluit die video oor vrygewigheid by die teksgedeelte aan?
- Hoe beïnvloed die video jou perspektief op vrygewigheid?
- Hoe dink jy sal 'n wêreld lyk waar vrygewigheid oorheers?

## WEGSTUUR

Julle het as groep besluit wat julle saam kan doen om vrygewigheid aan ander te bewys. Tref die nodige reëlings om dit te gaan doen.